

Roelof gee raad

François Bloemhof

Hoe reageer jy gewoonlik as 'n hele paar dinge skielik in jou dag opduik wat jy nie verwag het nie? Die seun in hierdie verhaal se pa gee vir mense raad oor die radio en eendag lui hulle voordeurklokkie en daar staan een van die mense vir wie hy raad gegee het ...

Ek gaan maak oop toe die voordeurklokkie lui. Daar staan 'n vrou met oë wat so rooi gehuil is dat dit lyk of sy haar deur hulle gaan doodbloei.

“Ek’s jammer, maar ons het niks ekstra geld by die huis nie,” sê ek, want sy hou haar hand uit asof sy iets vra.

Sy help my egter reg: “Ek soek nie geld nie. Roelof bly hier, nè? Ek wil met hom praat.”

“Dis die probleem. Báie mense wil.”

Die vrou luister nie, sy stoom verby my sitkamer toe, waar sy haarself op 'n bank neerplak. En waar sy dadelik verder sit en huil.

“Is hier iemand?” kom my pa die sitkamer binne. Dan sien hy haar en voeg by: “O.”

“Roelof? Ek het vir jou geskryf!” laat hoor sy. Dit klink na 'n **beskuldiging** en nou is sy in volle vaart. Sy maak sulke swaaiende bewegings.

“Jammer,” sê my pa haastig. Ek kan sien hy wil vinnig uit dié besigheid kom. “Die mense by die radiostasie doen baie dinge verkeerd. Hulle gee nie vir my al die briewe nie. Hulle is eintlik ook nie veronderstel om vir enigiemand te vertel waar ek woon nie. Ek gee nie raad uit my huis uit nie. Jy kan gerus weer 'n brief soontoe stuur, dan antwoord ek.”

My pa is 'n raadgewer by 'n radiostasie.


“Jy hét my geantwoord!” huil die vrou. “Dis hoekom ek hier is.”

“Jou naam is ...?”

“Moeg Gehuil op G!”

Nou onthou ek. Ek luister altyd na die program. 'n Briefskrywer met daardie naam het gekla omdat haar man so graag na ander vroue kyk. Sy het gesê hy het so 'n **dwalende oog** en hy dwaal so agter dit aan, hy kom omtrent nog net huis toe om te eet. Pa se assistent het eers die brief met smaak voorgelees en toe het Pa iets soos die volgende gesê:

“Beste Moeg Gehuil op G, jy noem dan self die oplossing. Almal weet die pad na 'n man se hart loop deur sy maag. Ek stel voor jy weier van



nou af om vir hom kos te maak. Dan sal jy sien hoe gou raak hy moeg daarvoor om aan die ander kant van die draad te wei.”

Die vrou snik nog harder. Sy mag haarself só genoem het, maar dit lyk glad nie vir my of sy eens na aan moeg gehuil is nie.

“My naam is Liz,” kry sy darem gesê. “Toe hy nie sy streke wou laat staan nie, het ek nou vir hom gesê ek loop. Ek is klaar met hom. Ek het ook vir hom gesê ek kom hierheen.”

“Wat?” roep my pa uit. Hy was nog nooit baie dapper nie en haat dit wanneer dinge buite beheer raak, soos nou dreig om te gebeur. “Hoe groot is hierdie man van jou?”

“Groot.”

“Ek vra hóé groot.”

“Groot-groot.”

“Wat as hy **gewelddadig** raak?”

“Nee,” gee sy ’n sluk, “George is nie die gewelddadige soort nie. Hy hou meer van ... liefde!”

Nog trane.

En daar lui die voordeurklokkie.

Die vrou skrik: “Ek is nie seker ek is al reg vir hom nie!”

My pa is **bleek**. “Wie sê ék is?”

Dit is dus ek wat gaan oopmaak.

Die groot man wat daar staan, dra sulke **verslonsde** klere dat jy nie

op 'n **vistreiler** daarmee sou wou gaan nie. Maar op 'n dag soos vandag vra jy nie vrae nie en ek **wink** hom binne.

"Ons kan sommer hier ..." begin hy sê.

"Nee," onderbreek ek hom, "kom deur. Jy het die regte huis."

Die een besoeker wou nie loop nie, dink ek, en nou is hier weer een wat nie seker is hy moet inkom nie. Dis 'n interessante wêreld!

Ek neem hom sitkamer toe.

Liz is nêrens te sien nie, dalk kruip sy weg.

Pa skud die groot man se hand. Hy klink hoopvol en bang toe hy vra: "Jy het gekom om vir Liz om verskoning te vra, reg?"

Die man draai sy kop skuins. "Ek ..."

"En jy wil vir haar sê jy gaan nie weer ..." Pa soek 'n goeie woord vir "kuier by ander vroue", kan ek sien. "Jy gaan nie weer rondloop nie."

Die man lag. "Meneer, ek lóóp rond! Dis wat ek dóén."

My pa kan sy skok nie wegsteek nie. "Jy spog daarmee? Weet jy dan nie hoe ongelukkig jy jou vrou maak nie?"

Toe loer Liz om die deur. Sy kyk die man op en af.

"Dis nie my George nie," sê sy.

Die **boemelaar** – want nou weet ek dis 'n boemelaar – lag. "Aangesien julle my so vriendelik ingenooi het, wil ek darem net sê my maag is dolleeg!"

My pa gluur my so aan dat ek amper bly is toe die voordeurklokkie weer lui.

Die man wat nou daar staan, se klere is netjieser. En hierdie een is nie groot nie, hy is groot-groot.

Nogtans maak ek seker: "Jy't jou vrou kom soek, nè?"

"Ja."

Ek neem hom sitkamer toe. Hy steek my verby, hy's haastig.

Toe hy haar sien, roep hy uit: "My arme vrou!"

Nou huil Liz nie meer nie. "Ek is nie arm nie!" Sy wys na die boemelaar.

"Hy is arm."

"Kom huis toe, Liz. Los hierdie bog van jou."

"Bog!" roep sy uit. "Ek het genoeg gehad van jou rondlopery!"

"Rondloop kan 'n goeie ding wees," sê die boemelaar, asof sy met hom gepraat het. "Die wêreld is my woning."

George laat sak sy kop. "Ek hét seker 'n paar foutjies gemaak ..."

"Nee, net een!" skree Liz. "Maar jy het dit met 'n klomp verskillende vroue gemaak!"



“Dis reg so,” probeer Pa om hulle albei kalmer te kry. “Dis goed om te ontlaai, ’n mens moenie soveel emosie **opkrop** nie.”

“Bly jy stil!” skel Liz. “Ons praat nou!”

En ek dink: Watter deurmekaarspul! En ja, Pa móét dalk maar stilbly. As hy so baie van kommunikasie geweet het as wat hy voorgee, het Ma hom miskien nooit gelos nie.

“Liz, ek kan nie sonder jou klaarkom nie,” sê George.

“Mense wat nie besittings het nie, is mense sonder laste,” sê die boemelaar.

George: “Ek kan regtig nie sonder jou oor die weg kom nie.”

Die boemelaar: “Daar is ’n smalle weg en daar is ’n breë weg ...”

Pa probeer weer: “Kom, sê elk van julle nou vir die ander wat is die een ding waarvan julle die meeste in mekaar hou!”

George dink na. “Liz het die mooiste glimlag.”

En Liz sê: “George is soms baie **sjarmant**. Soos julle nou hier kan sien.”

My pa vra: “En nou, wat is die ding in mekaar waarvan julle die minste hou?”

George dink ’n bietjie. “Sy vee nie die broodkrummels weg as sy toebroodjies maak nie.”

“Nou is dit jou beurt, Liz ...”

Liz lyk skielik skaam. “Eerder nie. Dit is nie in my aard om mense te **kritiseer** nie.”

“Probeer ten minste ...”

Dan kom haar woorde so blitsig soos 'n masjiengeweer se koeëls: “George is die **gemeenste, selfsugtigste** man wat ek ken. Ek weet nie hoekom hy ooit getrou het nie, want hy wil álle vroue hê. Hy wil nog rondkuier soos 'n tiener. Hy kyk rugby op TV as hy die gras moet sny. Hy spoel nie die bad uit wanneer hy klaar is nie. Hy was nooit skottelgoed nie. Hy kyk net rugby! Hy ...”

Pa probeer keer. “Liz, ek dink dit is genoeg ...”

“... sal nie eens daaraan dink om vir my 'n deur oop te maak nie! Hy laat my nooit eerste loop nie, tensy dit 'n swaaideur is! Hy steek nooit my sigarette aan nie! Goed, ek rook nie, maar as ek hét, dan sou hy dit nie aangesteek het nie! Hy ...”

“Sien julle nou!” roep George uit. “Luister net! Neem julle my kwalik dat ek partykeer net wil wegkom?”

“George, wag nou,” keer my pa. “Is jy spyt oor wat jy gedoen het?”

George aarsel, dan laat sak hy sy kop. Hy loer onderlangs na Liz. Dan knik hy.

“Ek was op die verkeerde pad. My hele lewe.”

Die boemelaar: “Daar is minder verkeerde paaie as wat mense dink. Jy moet jou lewenspad net op die regte manier loop.”

George: “Ek kom nooit uit waar ek wil wees nie.”

Die boemelaar: “Die reis, dít is die ding.”

“En jy, Liz?” vra my pa. “Gaan jy George nog 'n kans gee?”

“Ek dink ...” Sy kyk na haar man en sy kyk na die boemelaar.

Ons besef almal gelyk wat gaan gebeur, maar het nie kans om asem in te trek van skrik nie, toe gee sy vir die boemelaar haar hand.

Sy sê: “Ek was nog nooit 'n **impulsiewe** mens nie, George – jy is die impulsiewe een. Ek het nog nooit **holderstebolder** 'n besluit soos dié geneem nie. Maar soms moet 'n mens **halsoorkop** optree. Dalk is ek later spyt, maar dan is dit láter.”

“Maar ...”

My pa sê ook: “Maar ...”

“Ek wou nog altyd graag op reis gegaan het,” glimlag Liz. “Jy wou my nooit neem nie, George. Nou gaan ek **swerf** saam met 'n man wat weet wat belangrik is in die lewe.”

Die boemelaar kom na my toe. Hy hou sy hand uit. Ek wil nog sy hand skud, toe sien ek hy mik eintlik verby my om die sakkie biltong wat op 'n tafeltjie lê te verwyder.

En toe is hy en Liz uit by die deur.

“Wat nou?” vra George en kyk met nat oë na my pa.

My pa sluk.

Ek kan sien hy dink hard.

Dan kry hy **inspirasie**: “Liz sê jy kyk graag rugby, George.”

“Ja?”

“Nou maar toe, daar's nou-nou 'n **heruitsending** van Saterdag se wedstryd.”

“Jy speel! Rêrig?”

“Oor vyf minute!”

Ek kyk hulle so. Ek het so pas onthou hoekom Ma vir Pa gelos het.

Ek kan maar net sug. Ek is gelukkig nie die een wat moet raadgee nie.